



Government Gazette Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

Vol. 710

5

August
Augustus 2024

No. 51009

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

ISSN 1682-5845



AIDS HELPLINE: 0800-0123-22 Prevention is the cure

IMPORTANT NOTICE:

THE GOVERNMENT PRINTING WORKS WILL NOT BE HELD RESPONSIBLE FOR ANY ERRORS THAT MIGHT OCCUR DUE TO THE SUBMISSION OF INCOMPLETE / INCORRECT / ILLEGIBLE COPY.

No FUTURE QUERIES WILL BE HANDLED IN CONNECTION WITH THE ABOVE.

Contents

| <i>No.</i> | | <i>Gazette No.</i> | <i>Page No.</i> |
|------------------------------------------------------------------------------------------|--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------|---------------------|
| GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS | | | |
| Sports, Arts and Culture, Department of / Sport, Kuns en Kultuur, Departement van | | | |
| 2674 | South African Institute for Drug-Free Sport Amendment Act (33/2024): Commencement of the Act | 51009 | 3 |
| 2674 | Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport (33/2024): Inwerkingtreding van die Wysigingswet | 51009 | 4 |

GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS**DEPARTMENT OF SPORTS, ARTS AND CULTURE****NOTICE 2674 OF 2024**

**PROCLAMATION
BY THE
PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**


**COMMENCEMENT OF THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE FOR DRUG-FREE
SPORT AMENDMENT ACT, 2024 (ACT NO. 33 OF 2024)**

In terms of section 11 of the South African Institute for Drug-Free Sport Amendment Act, 2024 (Act No. 33 of 2024), I hereby determine that this Act will come into effect upon publication in the *Gazette*.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at ...Pretoria....., on this the31..... day ofJuly..... Two Thousand and Twenty-four.


President

By Order of the President-in-Cabinet:


Minister of the Cabinet

DEPARTEMENT VAN SPORT, KUNS EN KULTUUR

KENNISGEWING 2674 VAN 2024



PROKLAMASIE
VAN DIE
PRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

**INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP DIE SUID-AFRIKAANSE
INSTITUUT VIR DWELMVRYE SPORT, 2024 (WET NO. 33 VAN 2024)**

Kragtens artikel 11 van die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, 2024 (Wet No. 33 van 2024), bepaal ek hierby dat die Wet in werking tree by publikasie in die Staatskoerant.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te
.....Pretoria....., op hede die31..... ste/de dag van
.....Julie..... Tweeduisend-vier-en-twintig.

President

Op las van die President-in-Kabinet:

Minister van die Kabinet

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

- [] Woorde in vetdruk tussen vierkantige hakies dui skrapings uit bestaande verordenings aan.
- _____ Woorde met 'n volstreep daaronder dui invoegings in bestaande verordenings aan.

(Engelse teks deur die President geteken)
(Goedgekeur op 31 May 2024)

WET

Tot wysiging van die Wet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, 1997, ten einde sekere woordskrywings te skrap, te wysig en in te voeg; voorsiening te maak vir gevolglike wysigings in sekere bepalings; duidelik te maak dat die Instituut 'n openbare instelling en die Nasionale Organisasie teen Opkikkergebruik van die Republiek is; voorsiening te maak vir Uitslagbestuur; te bepaal dat ondersoek deur die Departement op 'n wyse gedoen moet word wat regverdig, deursigtig, billik en gelyk is; dat strafmaatreëls slegs deur die Departement opgelê kan word na 'n bevinding van nie-voldoening; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

DIE Parlement van die Republiek van Suid-Afrika verorden, soos volg:—

Vervanging van artikel 1 van Wet 14 van 1997, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 25 van 2006

1. Artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, 1997 (Wet No. 14 van 1997) (hierna die “Hoofwet” genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang: 5

“Woordskrywing en uitleg

1. (1) In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

| | |
|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| ‘Aanhangsel 1’ Aanhangsel 1 by die Kode; | 10 |
| ‘Appèlraad’ die Teenopkikker-appèlraad by artikel 17 ingestel; | |
| ‘Departement’ die nasionale departement verantwoordelik vir sport; | |
| ‘die Sportkonfederasie’ soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Nasionale Sport- en Rekreasie, 1998 (Wet No. 110 van 1998); | |
| ‘Instituut’ die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, by artikel 2 gestig; | 15 |
| ‘Internasionale Olimpiese Komitee’ die organisasie van daardie naam waarvan die hoofkwartier in Lausanne, Switserland geleë is en onder die beskerming waarvan die Olimpiese Spele gehou word; | |
| ‘internasionale sportfederasie’ enige groep van nasionale sportliggame wat betrokke is in toesig oor en samewerking ten opsigte van die speel en administrasie van enige bepaalde sport op internasionale vlak; | 20 |
| ‘Internasionale Standaard’ ‘International Standard’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |

‘international sports federation’ means any group of national sports bodies involved in the overseeing and co-operation of the playing and administration of any particular sport at international level;
‘International Standard’ means International Standard as defined in Appendix 1;
‘Minister’ means the Minister responsible for sport;
‘National Anti-Doping Organisation (NADO)’ means the National Anti-Doping Organisation as defined in Appendix 1;
‘national sports federation’ means any number of people involved in the overseeing and co-ordination of the playing and administration of any particular sport in any particular country;
‘person’ means a natural person or an organisation or other entity;
‘Prohibited List’ means the Prohibited List as defined in Appendix 1;
‘prohibited substance’ means a Prohibited Substance as defined in Appendix 1;
‘public entity’ means a public entity as defined in section 1 of the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);
‘Public Finance Management Act’ means the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);
‘Results Management’ means Results Management as defined in Appendix 1;
‘testing’ means testing as defined in Appendix 1;
‘the Sports Confederation’ means the Sports Confederation as defined in section 1 of the National Sport and Recreation Act, 1998 (Act No. 110 of 1998);
‘Therapeutic Use Exemption (TUE)’ means Therapeutic Use Exemption as defined in Appendix 1;
‘UNESCO Convention’ means the UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation) Convention as defined in Appendix 1;
‘WADA’ means the World Anti-Doping Agency; and
‘WADA-accredited laboratory’ means a laboratory accredited by WADA according to the International Standard for Laboratories.
 (2) When interpreting a provision of this Act, any reasonable interpretation which is consistent with the Code must be preferred over any alternative interpretation which is inconsistent with the Code.”

Substitution of section 2 of Act 14 of 1997

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

‘Establishment of South African Institute for Drug-Free Sport

2. (1) There is hereby established a **[corporate body]** public entity in terms of the Public Finance Management Act to be known as the South African Institute for Drug-Free Sport.

(2) The Institute is the National Anti-Doping Organisation in the Republic of South Africa.”

Amendment of section 10 of Act 14 of 1997, as amended by section 5 of Act 25 of 2006

3. Section 10 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph (d) of subsection (1) of the following paragraph:

“(d) to promote and ensure the adoption of a centralised doping control programme, which **[may subject any athlete to]** focuses on implementing intelligent testing, [with or without advance notice,] both in and out of competition, on athletes over whom it has authority;”;

| | |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----|
| ‘Kode’ die Wêreldkode teen Opkikkergebruik deur die Stigtingsraad van WADA aangeneem op 5 Maart 2003 te Kopenhagen, Denemarke, soos van tyd tot tyd gewysig; | |
| ‘Minister’ die Minister verantwoordelik vir sport; | |
| ‘nasionale sportfederasie’ enige aantal mense wat betrokke is by toesig oor en koördinering van enige bepaalde sport in enige bepaalde land; | 5 |
| ‘Nasionale Organisasie teen Opkikkergebruik (NOOG)’ die ‘National Anti-Doping Organisation’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘openbare instelling’ ’n openbare instelling soos in artikel 1 van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999), omskryf; | 10 |
| ‘opkikkerbeheer’ ‘doping control’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘Organisasie teen Opkikkergebruik’ ’n ‘Anti-Doping Organisation’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘opkikkergebruik’ ‘doping’ soos in Artikel 1 van die Kode omskryf; | |
| ‘persoon’ ’n natuurlike persoon of ’n organisasie of ander entiteit; | 15 |
| ‘sportpersoon’ ’n ‘athlete’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘Sportpersoon op Internasionale Vlak’ ’n ‘International Level Athlete’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘toetsing’ toetsing soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘Uitslagbestuur’ ‘Results Management’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | 20 |
| ‘UNESCO-konvensie’ die UNESCO (die Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie) -konvensie soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘Verbode Lys’ ’n ‘Prohibited List’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘verbode stof’ ’n ‘prohibited substance’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | 25 |
| ‘Vrystelling vir Terapeutiese Gebruik (VTG)’ ‘Therapeutic Use Exemption’ soos in Aanhangsel 1 omskryf; | |
| ‘WADA’ die Wêreld Teenopkikkeragentskap; | |
| ‘WADA-geakkrediteerde laboratorium’ ’n laboratorium wat ooreenkomstig die Internasionale Standaard vir Laboratoriums deur WADA geakkrediteer is; en | 30 |
| ‘Wet op Openbare Finansiële Bestuur’ die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999). | |
| (2) By die uitleg van ’n bepaling van hierdie Wet, moet enige redelike vertolking wat met die Kode bestaanbaar is, verkies word oor enige alternatiewe vertolking wat met die Kode onbestaanbaar is.” | 35 |

Vervanging van artikel 2 van Wet 14 van 1997

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Instelling van Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport

2. (1) Daar word hierby ’n [regspersoon] openbare instelling ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur met die naam die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport ingestel.

(2) Die Instituut is die Nasionale Organisasie teen Opkikkergebruik in die Republiek van Suid-Afrika.”

Wysiging van artikel 10 van Wet 14 van 1997, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 25 van 2006

3. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragraaf (d) in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

“(d) om die [instelling] aanneming van ’n gesentraliseerde onafhanklike [monsterneming- en toetsprogram te bewerkstellig wat enige sportpersoon op kort kennisgewing, of sonder kennisgewing,] opkikkerbeheerprogram te bevorder en daar te stel, wat fokus op die inwerkingstelling van intelligente toetsing, beide in en buite kompetisie, [aan toets vir aanhelp kan onderwerp] op sportpersone waarvoor die Instituut gesag het;”

(b) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

“(2) The Institute shall operate independently, but may co-operate with [SASCOC] the Sports Confederation and [SRSA] the Department from time to time as the need arises in order to achieve the objects of the Institute as contemplated in this Act.”.

5

Amendment of section 11 of Act 14 of 1997, as amended by section 6 of Act 25 of 2006

4. Section 11 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the deletion of paragraphs (b) and (c) of subsection (2);

(b) by the substitution for paragraph (f) of subsection (2) of the following paragraph: 10

“(f) collect samples from athletes and secure the safe and tamper-free transit of samples to WADA-accredited laboratories in accordance with the Code[’s **International Standard for Testing**];”;

(c) by the substitution for paragraph (m) of subsection 2 of the following paragraph: 15

“(m) require that athletes who have been included in the testing pools provide accurate information on their current whereabouts which shall be made available to WADA and to other Anti-Doping Organisations having authority to test the athletes; and”;

20

(d) by the substitution for paragraph (n) of subsection (2) of the following paragraph:

“(n) ensure that there is a process for all athletes with documented medical conditions requiring the use of a prohibited substance or method [**may**] to request a [**therapeutic use exemption: Provided that such requests shall be evaluated by a therapeutic use exemption committee in accordance with the International Standard for Therapeutic Use: Provided further that the Institute shall promptly report in writing to the WADA such granting of therapeutic use exemptions**] Therapeutic Use Exemption (TUE).”;

25

30

(e) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

“(2A)(a) A request contemplated in subsection (2)(n) shall be evaluated by a Therapeutic Use Exemption Committee in accordance with the International Standard for Therapeutic Use Exemptions referred to in the Code; and

35

(b) The Institute shall promptly report in writing to the WADA any Therapeutic Use Exemption (TUE) granted in respect of a request contemplated in subsection (2)(n).”.

Repeal of sections 11A to 11C of Act 14 of 1997

40

5. Sections 11A to 11C of the principal Act are hereby repealed.

Substitution of section 17 of Act 14 of 1997, as amended by section 10 of Act 25 of 2006

6. The following section is hereby substituted for section 17 of the principal Act:

“Results Management

45

17. (1) Results Management shall be the responsibility of, and shall be governed by the procedural rules and anti-doping rules of the Institute aligned with the principles of the Code and relevant International Standards.

(2) There is hereby established by the Institute a first instance hearing panel named the Independent Doping Hearing Panel which has jurisdiction in the first instance to hear and determine whether an athlete or other person subject to the anti-doping rules of the Institute has committed an anti-doping rule violation and if applicable to impose relevant consequences.

50

55

(b) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

“(2) Die Instituut word onafhanklik bedryf, maar kan van tyd tot tyd, wanneer nodig, met die Sportkonfederasie en die Departement saamwerk ten einde die oogmerke van die Instituut soos in hierdie Wet beoog, te bereik.”

5

Wysiging van artikel 11 van Wet 14 van 1997, soos gewysig deur artikel 6 van Wet 25 van 2006

4. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig—

(a) deur paragrawe (b) en (c) van subartikel (2) te skrap;

(b) deur paragraaf (f) van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang: 10

“(f) monsters van sportpersone [in ooreenstemming met goedgekeurde riglyne ontvang,] insamel en die veilige en peutervrye versending van monsters aan [IOK-geakkrediteerde] WADA-geakkrediteerde laboratoriums ooreenkomstig die Kode verseker;”;

15

(c) deur paragraaf (m) in subartikel (2) in te voeg:

“(m) vereis dat sportpersone wat in die toetsgroepe ingesluit is, akkurate inligting verstrek oor waar hulle hul tans bevind, welke inligting aan die WADA en aan ander organisasies teen opkikkergebruik met die gesag om die sportpersone te toets, beskikbaar gestel moet word; en”;

20

(d) deur paragraaf (n) in subartikel (2) in te voeg:

“(n) verseker dat daar ’n proses is waardeur alle sportpersone met gedokumenteerde mediese toestande wat vereis dat die sportpersone ’n verbode stof of metode moet gebruik, vir ’n Vrystelling vir Terapeutiese Gebruik (VTG) kan vra.”;

25

(e) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

“(2A)(a) ’n Versoek in subartikel (2)(n) beoog, moet evalueer word deur ’n Komitee vir Vrystelling vir Terapeutiese Gebruik (VTG) ooreenkomstig die Internasionale Standaard vir Vrystelling vir Terapeutiese Gebruik in die Kode bedoel; en

30

(b) Die Instituut moet enige Vrystelling vir Terapeutiese Gebruik (VTG) wat ingevolge ’n versoek in subartikel (2)(n) beoog, toegestaan is, skriftelik by die WADA aanmeld.”

Herroeping van artikels 11A tot 11C van Wet 14 van 1997

35

5. Artikels 11A tot 11C van die Hoofwet word hierby herroep.

Vervanging van artikel 17 van Wet 14 van 1997, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 25 van 2006

6. Artikel 17 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

“Uitslagbestuur

40

17. (1) Uitslagbestuur is die verantwoordelikheid van, en moet beheer word deur die prosedureëls en reëls teen opkikkergebruik, van die Instituut in lyn met die beginsels van die Kode en tersaaklike Internasionale Standaarde.

(2) Die Instituut stig hierby ’n verhoorpaneel van eerste instansie wat as die Onafhanklike Verhoorpaneel vir Opkikkergebruik sal bekend staan, wat regsbevoegdheid het in die eerste instansie om aan te hoor en te beslis hetsy ’n sportpersoon of ander persoon wat aan die Instituut se reëls teen opkikkergebruik onderhewig is, die reëls teen opkikkergebruik verbreek het en indien van toepassing, om tersaaklike gevolge op te lê.

45

50

(3)(a) There is hereby established an independent board which shall be known as the Anti-Doping Appeal Board.

(b) The Minister shall appoint an Appeal Board, which shall consist of not fewer than eight persons possessing special knowledge and expertise relevant to anti-doping and dispute resolution.

(c) The members of the Appeal Board are appointed for a period of five years and are eligible for re-appointment.

(d) The Appeal Board must consist of no fewer than four practising attorneys or advocates, two sports medical physicians and two sports administrators.

(e) The Minister may terminate the appointment of an Appeal Board member for serious misconduct, incapacity or incompetence.

(4) A party to an appeal shall be entitled to be represented by a person of his or her own choice.

(5) The procedure to be followed in connection with appeals shall be determined by the Appeal Board.

(6) Appeals involving International-Level Athletes shall be heard by the Court of Arbitration for Sport (CAS) in accordance with the relevant provisions of the Code.

(7) Any proceedings, pending before the Independent Doping Hearing Panel at the commencement of this Act must be continued and concluded in terms of this Act in the Independent Doping Hearing Panel and, for that purpose those proceedings are deemed to have been instituted in terms of this Act in the Independent Doping Hearing Panel.”.

Substitution of section 17A of Act 14 of 1997, as inserted by section 11 of Act 25 of 2006

7. The following section is hereby substituted for section 17A of the principal Act:

“Punitive measures

17A. (1) [SRSA] The Department, on the written recommendations of [SASCOC] the Sports Confederation, may cause an investigation to be conducted [as it deems fit] in a fair, transparent, just and equitable manner to ascertain whether all national sports federations have complied with the provisions [contained in] of this Act.

(2) [SRSA] The Department must, after consultation with the Institute and [SASCOC] the Sports Confederation, and after any national sports federation is found, subsequent to an investigation as contemplated in subsection (1) above to be non-compliant identify any non-compliant national sports federations whereafter it may, amongst others—

(a) withdraw or reduce its or the Government’s funding of any such federation;

(b) bar any such federation from administering its sport in the Republic; or

(c) recommend that [SASCOC] the Sports Confederation refuse to award national colours to the members of any such federation.

(3) [SRSA] The Department may only act against a federation in terms of subsection (2) after it has given that federation an opportunity to make oral or written representations with regard to any proposed action.”.

Substitution of long title of Act 14 of 1997

8. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

“To promote the participation in sport free from the use of prohibited substances or methods intended to artificially enhance performance, thereby rendering impermissible doping practices which are contrary to the principles of fair play and medical ethics, in the interest of the

(3)(a) 'n Onafhanklike raad word hierby gestig wat as die Teenopkikker-appèlraad bekend sal staan.

(b) Die Minister moet 'n Appèlraad aanstel, wat uit minstens agt persone met spesiale kennis en kundigheid wat met teenopkikkergebruik en geskilbeslegting verband hou, sal bestaan.

(c) Die lede van die Appèlraad word vir 'n tydperk van vyf jaar aangestel en is heraanstelbaar.

(d) Die Appèlraad moet uit minstens vier praktiserende prokureurs of advokate, twee sportgeneeskundiges en twee sportadministrateurs bestaan.

(e) Die Minister kan die aanstelling van 'n lid van die Appèlraad vir ernstige wangedrag, ongeskiktheid of onbevoegdheid beëindig.

(4) 'n Party tot 'n appèl is geregtig op verteenwoordiging deur 'n persoon van sy of haar eie keuse.

(5) Die prosedure wat in verband met appèlle gevolg moet word, moet deur die Appèlraad bepaal word.

(6) Appèlle wat Sportpersone op Internasionale Vlak betrek, moet ooreenkomstig die tersaaklike bepalings van die Kode deur die Sportarbitrasiehof (CAS) aangehoor word.

(7) Enige verrigtinge wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet voor die Onafhanklike Verhoorpaneel vir Opkikkergebruik hangende is, moet ingevolge hierdie Wet voortgesit en afgehandel word in die Onafhanklike Verhoorpaneel vir Opkikkergebruik en, vir daardie doel, word die verrigtinge geag ingevolge hierdie Wet in die Onafhanklike Verhoorpaneel vir Opkikkergebruik ingestel te wees.”

Invoeging van artikel 17A van Wet 14 van 1997 in die Afrikaans, soos ingevoeg deur artikel 11 van Wet 25 van 2006

7. Artikel 17A word hierby in die Hoofwet ingevoeg:

“Strafmaatreëls

17A. (1) Die Departement, op die skriftelike aanbevelings van die Sportkonfederasie, kan 'n ondersoek laat doen, op 'n regverdige, deursigte, billike en gelyke wyse, om vas te stel hetsy alle nasionale sportfederasies aan die bepalings van hierdie Wet voldoen het.

(2) Die Departement moet, na oorleg met die Instituut en die Sportkonfederasie, en nadat, na 'n ondersoek soos beoog in subartikel (1), bevind het dat enige nasionale sportfederasie nievoldoende is, enige nievoldoende nasionale sportfederasies identifiseer, waarna dit onder meer—

(a) die Staatsfinansiering van enige sodanige federasie kan terugtrek of verminder;

(b) enige sodanige federasie daarvan kan verban om sport in die Republiek te administreer; of

(c) kan aanbeveel dat die Sportkonfederasie weier om nasionale kleure aan die lede van enige sodanige federasie toe te ken.

(3) Die Departement kan slegs ingevolge subartikel (2) teen 'n federasie optree nadat die Departement daardie federasie 'n geleentheid gegun het om mondelinge of skriftelike verhoë betreffende enige voorgestelde optrede te rig.”

Vervanging van lang titel van Wet 14 van 1997

8. Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang:

“Om die deelname in sport vry van die gebruik van verbode stowwe of metodes wat daarop gemik is om prestasie kunsmatig te verbeter, te bevorder, om op dié wyse [aanhelppraktyke] opkikkerpraktyke wat strydig is met die beginsels van skoon spel en mediese etiek, in die belang van die gesondheid en welsyn van sportpersone, ontoelaatbaar

health and well-being of sportspersons; to provide for the establishment of the South African Institute for Drug-Free Sport; to provide for the composition of the Institute; to provide for its meetings and staff; to provide for the remuneration and allowances of members of the Institute; to provide for its expenditure, finances and accountability; to provide for the objects, powers and duties of the Institute; to provide for Results Management; to provide for punitive measures; and to provide for matters connected therewith.” 5

Amendment of Arrangement of sections of Act 14 of 1997

9. The Arrangement of Sections of the principal Act is hereby amended by— 10
- (a) the substitution of item 1 of the following item:
“1. Definitions and Interpretation”;
 - (b) the deletion of items 11A-11C; and
 - (c) the substitution of item 17 of the following item:
“17. [Appeals] Results Management”. 15

Amendment of principal Act

10. The principal Act is hereby amended by the substitution of the expression “SASCOC”, wherever it occurs, with the expression “the Sports Confederation”.

Short title and commencement

11. This Act is called the South African Institute for Drug-Free Sport Amendment Act, 2024 and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*. 20

te maak; voorsiening te maak vir die instelling van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport; voorsiening te maak vir die samestelling van die Instituut; voorsiening te maak vir die vergaderings en personeel daarvan; voorsiening te maak vir die vergoeding en toelaes van lede van die Instituut; voorsiening te maak vir die Instituut se uitgawes, finansies en aanspreeklikheid; voorsiening te maak vir die oogmerke, bevoegdhede en pligte van die Instituut; voorsiening te maak vir Uitslagbestuur; voorsiening te maak vir strafmaatreëls; en om vir aangeleenthede voorsiening te maak wat daarmee in verband staan.”.

5
10

Wysiging van Indeling van artikels van Wet 14 van 1997

9. Die Indeling van Artikels van die Hoofwet word hierby gewysig deur—
- (a) item 1 deur die volgende item te vervang:
“1. Woordomskrywing en Uitleg”;
 - (b) deur items 11A-11C te skrap; 15
 - (c) deur item 17 deur die volgende item te vervang:
“17. [Appèlle na Appèlraad en beslegting van geskille] Uitslagbestuur”; en
 - (d) deur die volgende item na item 17 in die Afrikaanse teks in te voeg:
“17A. Strafmaatreëls”. 20

Wysiging van Hoofwet

10. Die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking “SASCOC”, waar dit ook al voorkom, deur die uitdrukking “die Sportkonfederasie” te vervang.

Kort titel en inwerkingtreding

11. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, 2024, en tree in werking op ’n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* vasgestel. 25

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
Contact Centre Tel: 012-748 6200. eMail: info.egazette@gpw.gov.za
Publications: Tel: (012) 748 6053, 748 6061, 748 6065